Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

SEPTEMBER 2017

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2 NASIENRIGLYN

PUNTE: **70**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 20 bladsye.

NASIENRIGLYNE

1. ’n Kandidaat mag nie meer as EEN vraag uit dieselfde **genre** beantwoord nie.

2. As ’n kandidaat meer as die vereiste aantal vrae gedoen het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en ’n streep word deur die tweede vraag getrek.

3. Indien die antwoord in meer as een sin aangebied word en die antwoord nie in die eerste sin voorkom nie, maar dit tot die antwoord in die tweede sin lei, word die antwoord in die tweede sin nagesien.

4. Vir oop vrae waar JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE plus ’n motivering vereis word, word slegs die rede/motivering oorweeg. Indien die kandidaat nie JA/NEE skryf nie, maar die motivering is korrek, word die punt toegeken. Indien die kandidaat JA/NEE sê, moet die motivering korrek wees, anders verloor die kandidaat die punt.

5. Indien ironie, vergelyking, verband en kontras gevra word, verdien die kandidaat 2 of nul punte omdat twee kante vir 2 punte gestel moet word.

6. Vir WAAR/ONWAAR – of FEIT/LUG JOU MENING vrae, word die punte verdeel:

   Slegs ’n punt vir die motivering word toegeken.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR korrek is, en die motivering is korrek, verdien die kandidaat slegs **EEN** punt.
   - As die leerder se WAAR/ONWAAR verkeerd is, maar die motivering is korrek, word **GEEN** punte toegeken nie.

7. Fals (Vals) kan aanvaar word. (False is egter verkeerd, want dit is Engels).

8. Indien die kandidaat woorde uit ’n **ander taal** gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die **vreemde woorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **vreemde woorde** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.
   Indien die **vreemde woorde** in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.

9. Aanvaar dialektiese variasies.

10. Indien die kandidaat **krutaal** gebruik, word die **kruwoorde** geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die **kruwoord** sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie.

11. Waar EEN-WOORD antwoorde gevra word en die kandidaat ’n volsin gee, is dit korrek mits die korrekte woord onderstreep word of op een of ander wyse uitgelig word.

12. Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

13. As die kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

14. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.

15. As ’n spelfout die betekenis van ’n antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: ROMAN

VRAAG 1: *KRINGE IN 'n BOS* – Dalene Matthee

1.1 1.1.1 Martiens Botha is 'n houtkappersvriend. (1)

1.1.2 "So trots soos 'n berg". (1)

1.1.3 Vir die kos (1)

1.2 Saul is 'n verraaier.
Saul is 'n spioen.
Saul is 'n opstandeling.
Saul is verantwoordelik vir Arend se dood. (Enige 3 of soortgelyk) (3)

1.3 1.3.1 Die Bosmense wou nie met Saul vereenselwig word nie/vermy hom. (1)

1.3.2 Arend se dood. (1)

1.3.3 McDonald.
Hy het slaapplek/rusplek vir Arend geweier. (2)

1.4 1.4.1 Saul het nou geld.
Saul het besluit dat niemand hom meer gaan verneder nie. (2)

1.4.2 Dit is die dag toe Saul en sy pa hulle deur McDonald verneder was toe hulle kamstig met die verkeerde hout daar by hom aankom.
Ook al die tye toe hulle hul "goodfor" ontvang het.
(Enige 1 of soortgelyk) (1)

1.5 Woede/Aggressie
Selfvertroue
Vasberadenheid
Afwagting (Enige 2 of soortgelyk) (2)

1.6 1.6.1 Die leuen dat Saul verantwoordelik is vir Arend se dood.
Die leuen dat die gal in die bloubokkie se kop sit. (2)

1.6.2 Bygelowigheid/Vasklou aan tradisie (Enige 1 of soortgelyk) (1)

1.6.3 Kwytskelding/Vryheid (Enige 1 of soortgelyk) (1)

1.7 Saul wou deur die bosmense aanvaar word. (1)

1.8 Hy het gehoor Oupoot is daar. (1)

1.9 Saul sien hoe die bos (deur die gouddelwers) vernietig word.
Saul sien hoe die bos wemel van goudgierige gouddelwers. (2)

1.10 Saul is nie bang vir Oupoot soos almal nie want Oupoot is sy dierbroer.
(Albei kante moet genoem word. 2 of nul) (2)

Kopiereg voorbehou

1.11 “die omgekeerde blik wat as tafel dien” (1)

1.12 Die bosduif het ophou koer./“Die bosduif hou op koer.” (1)

1.13 Die beskuldigings teen hom.
Die wantroue teen hom.
Die verwerping.
Sy onsuksesvolle pogings om homself te bewys. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

1.14 1.14.1 Kate (1)

1.14.2 katterig (1)

1.14.3 wraaksugtigheid (1)

1.15 1.15.1 A (Oppad Diepwalle toe) (1)

1.15.2 C (Groot Eiland) (1)

1.15.3 B (Australië) (1)

1.15.4 D (Swellendam) (1)
[35]

VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

2.1 Die huis was bouvallig./Sharon is aan beter/weelde gewoond.
Haar pa was gay.
Haar gesin was anders. (Enige 2 of soortgelyk) (2)

2.2 2.2.1 Kommer/Besorgdheid (Enige 1 of soortgelyk) (1)

2.2.2 telefonies (1)

2.2.3 die vervalle huis/ongeriewe in die huis (1)

2.3 2.3.1 Sy het haar kuier op die berg geniet. (1)

2.3.2 Hulle was vasgekeer op die berg. (1)

2.4 Hy aanvaar haar ma soos sy is.
Hy aanvaar Hanna soos sy is.
Hy sien Hanna se skryftalent raak.
Hy het baie geduld met die kinders. (Enige 3 of soortgelyk) (3)

2.5 Hy het later baie van Sharon gehou. (1)

2.6 2.6.1 Sharon se pa was nie gay soos Gavin nie./Sharon se pa was nie ’n afwesige/onbetrokke pa soos Gavin nie. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

2.6.2 Sy aanvaar haar pa gee om vir haar./Aanvaar hom t.s.v. sy andersheid. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

2.6.3 Hulle moet besef ouers is nie perfek nie.
Probleme tussen ouer en kind kan opgelos word.
(Enige 1 of soortgelyk) (1)

2.7 2.7.1 Sharon het nie verwag dat so ’n vervalle huis ’n toilet en badkamer sou hê nie. (1)

2.7.2 Sharon-hulle is welgesteld en ’n mens het nie verwag dat Sharon tevrede sou wees met so ’n armoedige huis nie.
(Albei kante moet genoem word. 2 of nul) (2)

2.7.3 Geld moenie bepaal wie jy is nie. (1)

2.7.4 Kinders behoort aan selfs gebrek in die lewe blootgestel te word. (1)

2.7.5 Albei het ’n goeie verbeelding en vertel/skryf stories. (1)

2.8 2.8.1 Gavin daag onverwags op./Gavin gee haar ’n (gepaste) geskenk./Gavin komplimenteer haar. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

2.8.2 Hanna het hom nie geken nie./Hanna was bang oor hoe Sharon sou reageer. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

Kopiereg voorbehou

2.9	2.9.1	Hanna het nie goeie tande gehad nie (gaping tussen voortande).	(1)
	2.9.2	Hanna het puisies in die gesig./Hanna het klein borste gehad. (Enige 1 of soortgelyk)	(1)
	2.9.3	Sy het haarself aanvaar soos sy is./Sy besef sy is uniek.	(1)
2.10	2.10.1	Volgens Hanna wou Margot net in die kollig wees.	(1)
	2.10.2	Yann voel sy het nooit in hulle belanggestel nie.	(1)
	2.10.3	Dit is toe Margot die leiding met die geboorte van die babatjie geneem het.	(1)
2.11	2.11.1	reën opgehou het	(1)
	2.11.2	Margot se Tarrot-kaarte	(1)
	2.11.3	vloere	(1)
2.12	2.12.1	B (Margot se aankoms)	(1)
	2.12.2	C (Gavin se aankoms)	(1)
	2.12.3	E (Sharon se aankoms)	(1)
	2.12.4	A (Hanna se verjaarsdag)	(1)
			[35]

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

3.1 3.1.1 Sy gesin val uitmekaar.
Sy seun Fred is deurmekaar met 'n getroude vrou.
Die Blanckenbergers kan nie negatiewe publisiteit nou bekostig nie. (3)

3.1.2 Die verhouding tussen Fred en Elsabet.
Die verhoudings probleem in sy gesin. (2)

3.2 3.2.1 Skalla/Sy seun (1)

3.2.2 Skalla voel afgeskeep.
Skalla is besig met onwettige bedrywighede.
Skalla is nie so suksesvol soos Fred nie. (Enige 2 of soortgelyk) (2)

3.3 verydeling (1)

3.4 Hy voel gespanne. (1)

3.5 3.5.1 Fred se vrou is dood./Hy is dus 'n vry man. (1)

3.5.2 Die mense gaan skinder.
Elsabet is nog getroud met Jacob en boonop swanger. (2)

3.6 "Dit voel asof Fred se woorde hom agtervolg." (1)

3.7 3.7.1 Fred is 'n kandidaat in die verkiesing. (1)

3.7.2 Fred se vrou, Sheila, het haarself geskiet. (1)

3.7.3 Fred het die bruinmeisie, Kinnie, swanger gemaak. (1)

3.8 Hermanus was die voorsitter van die skoolkomitee. (1)

3.9 3.9.1 Ryna is 'n onderwyseres by die skool. (1)

3.9.2 Gebroke aangekom, maar nou vervuld./Hopeloos aangekom, maar nou hoopvol. (Enige 1 of soortgelyk) (2)

3.9.3 Tyd genees wonde. (1)

3.9.4 Sy wou 'n nuwe begin maak. (1)

3.10 Janka se eie ma sterf by geboorte.
Janka neem die plek in van Elsabet se baba wat sterf net na geboorte. (2)

3.11 3.11.1 Die omruiling van babas (Janka en Elsabet se kinders) (1)

3.11.2 Sy vind uit haar man was by bedrog betrokke.
Sy vind uit dat Skalla die moordenaar van haar man en seun is. (2)

Kopiereg voorbehou

3.12	3.12.1	Attie		(1)
	3.12.2	diamantboot		(1)
	3.12.3	padblokkades		(1)
3.13	3.13.1	D	(Kinnie sterf)	(1)
	3.13.2	C	(Elsabet verdrink)	(1)
	3.13.3	B	(Skalla word doodgesteek)	(1)
	3.13.4	A	(Janka word raakgeskiet)	(1)

[35]

VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

4.1 4.1.1 Dit verwys na die akteur Julia Roberts se breë mond./
Dis Miemie se woorde: "Lien lyk soos Julia Roberts, maar sonder die breë mond." (Enige 1 of soortgelyk) (1)

4.1.2 Lien het nie baie selfvertroue nie./Sy praat nie maklik oor haar situasie nie./Lien het 'n lae selfbeeld (Enige 1 of soortgelyk) (1)

4.1.3 The breakfast club (1)

4.2 4.2.1 Lien was nie van plan om te help nie. (1)

4.2.2 Sy is al gewoond aan wanorde soos in haar eie lewe/huis. (1)

4.3 4.3.1 Hulle was nie juis beste vriende nie. (1)

4.3.2 Hulle het mekaar vermaak in die rekwisietekamer.
Lien het die naweek by Miem se huis geniet. (2)

4.3.3 Albei is afwesige pa's. (1)

4.4 4.4.1 Hy's in die tronk (weens bedrog). (1)

4.4.2 Sy het haar toevlug na die bottel geneem./Sy het haar menswaardigheid verloor./Sy het geswig onder die druk as enkelouer. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

4.4.3 Lien moes omsien na die huishouding (alles te doen hiermee, bv. huur, kos).
Lien moes na Braam omsien.
Lien moes haar ma ondersteun.
Lien moes borg soek vir Braam. (Enige 3 of soortgelyk) (3)

4.5 Sy is magteloos om orde in haar eie lewe te skep. (2)

4.6 4.6.1 Lien gebruik die kostuums wanneer sy op straat gaan bedel. (1)

4.6.2 Sue-Ellen Swanepoel het na haar werk teruggekeer. (1)

4.6.3 Somtyds dwing omstandighede 'n mens om meer verantwoordelikhede in die lewe te ervaar al is dit buite jou gemaksone. (1)

4.7 4.7.1 Wouter (1)

4.7.2 Ja, familielede moet opoffer vir mekaar.
OF
Nee, dit hang af hoe 'n mens jou ekstra verantwoordelikhede benader.
(Of soortgelyk) (1)

Kopiereg voorbehou

4.8 4.8.1 Die winskopie vir die sousboontjies en sardyne teen halfprys was by Checkers en nie by Spar soos Magriet gesê het nie. (2)

4.8.2 Die bestuurder het maar ingegee en die blikkies teen halfprys gegee. (1)

4.9 Dit help met die dubbele rol wat Lien gespeel het./Die sportsak hou haar bedelklere. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

4.10 4.10.1 Dis nie die eerste keer dat Lien die Volvo sien nie. (1)

4.10.2 Hy het gedink Lien is ’n prostituut. (1)

4.10.3 Prostitusie (1)

4.11 4.11.1 Wimpie (1)

4.11.2 Hein (1)

4.11.3 stiefma (1)

4.12 4.12.1 E (Lien) (1)

4.12.2 A (Braam) (1)

4.12.3 B (Juffrou Breytenbach) (1)

4.12.4 C (Christiaan) (1)

[35]

TOTAAL AFDELING A: 35

AFDELING B: DRAMA

VRAAG 5: POPPIE - DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé

5.1 5.1.1 By Stone se huis./Die skoonmense se huis. (1)

5.1.2 Poppie word voorberei vir die Xhosa-troue.
Poppie word ingelig oor die Xhosa-geloof.
Poppie is nie juis ingenome met ’n Xhosa-gebruike nie. (3)

5.1.3 Sy moet haar skoonmense respekteer./Poppie moet weet hoe om met skoonmense saam te leef. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

5.1.4 Nee, Poppie was ’n onderdanige vrou. (1)

5.1.5 Poppie se huwelik met Stone het haar en haar skoonmense se verhouding met mekaar verander. (1)

5.1.6 ’n Grappige atmosfeer heers by ’n ernstige geleentheid. (2)

5.1.7 Stone moet help wanneer iets met Poppie se mense gebeur. (1)

5.1.8 Ja, elkeen gee sy beste.

OF

Nee, die vrou moet altyd maar onderdanig wees.
(Enige 1 of soortgelyk) (1)

5.2 5.2.1 Frustrasie (1)

5.2.2 Poppie weet presies waar sy haar inlaat. (1)

5.3 “aan gehoor” (1)

5.4 5.4.1 Die regering het haar daarheen forseer./Sy en Stone het sy familie gaan kuier. (1)

5.4.2 Stone wou nie van sy vaste werk bedank nie (1)

5.5 Dis wanneer die vrou ook saam huil. (1)

5.6 5.6.1 Stone kom van die platteland.
Stone glo vas in die Xhosa-tradisie. (2)

5.6.2 Poppie moes sonder haar man na Ciskei verhuis.
Poppie moes by tye ook van plek tot plek rondtrek.
Poppie word deur paswette gedwing om apart van haar man te bly.
(Enige 2 of soortgelyk) (2)

5.7 Ja, hulle kan sodoende hul eie lewens lei.

OF

Nee, getroudes hoort by mekaar. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

5.8 Ma Lena koop Poppie se trourok daarmee. (1)

5.9 Stone stuur geld vir Poppie.
Stone werk vir sy gesin ten spyte van sy siekte.
Stone steek sy siekte weg vir Poppie. (Enige 2 of soortgelyk) (2)

5.10 Wees getrou aan mekaar tot die dood julle skei (1)

5.11 Poppie offer haarself op.
Poppie neem haar kinders saam wanneer sy trek.
Poppie vermaan haar kinders teen moeilikheid. (Enige 2 of soortgelyk) (2)

5.12 5.12.1 sterwe (1)

5.12.2 Philippi (1)

5.12.3 verblyfspermit (1)

5.13 5.13.1 A (Stone kuier) (1)

5.13.2 D (Stone sterwe) (1)

5.13.3 B (Stakings) (1)

5.13.4 E (Poppe trou met Stone) (1)

[35]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 6: PALJAS – CHRIS BARNARD

6.1 6.1.1 Emma voel nog skaam oor die badvoorval.
Emma is nog nie seker of Nollie haar familie gaan vertel oor die voorval nie.
Sy is nog onseker oor Nollie en hul verhouding. (Enige 2 of soortgelyk) (2)

6.1.2 Hy't Emma halfnaak gesien.
Hy's nog baie onseker oor Emma se gevoel oor hom.
(Enige 1 of soortgelyk) (1)

6.2 6.2.1 Nollie het Emma afgepers. (1)

6.2.2 Ja, hy was desperaat want hy't geweet Emma is maar net skrikkerig vir verhoudings.

OF

Nee, verhoudings moet spontaan ontwikkel. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

6.3 Hy en Emma kom nie juis goed oor die weg nie./Hy kan nie glo dat Emma ingestem het om met Nollie te gaan nie. (1)

6.4 Dit het al die verhoudings in hierdie drama tot op die spits gedryf.
Dis by hierdie geleentheid toe die dorpsmense gewys het hoe hulle voel.
Dis by hierdie geleentheid toe die dorpsmense die McDonalds met eiers/tamaties/klippe gegooi het. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

6.5 Sy blameer Hendrik vir die toestand van hul verhouding.
Hul probleme kon al opgelos gewees het, maar Hendrik doen niks daaromtrent nie.
Hendrik neem geen inisiatief nie./Hy vra haar nie uit nie.
(Enige 2 of soortgelyk) (2)

6.6 6.6.1 Vrees (1)

6.6.2 Manuel wou nie hê die dorpsmense moes hom sien nie. (1)

6.6.3 Hulle ken hom nie.
Hulle verdink Willem van duiwelskuns/toordery.
Hulle is bang/skrikkerig aangesien hulle dink hy kan toor. (3)

6.6.4 Dis vir Manuel in die skuur./Willem wou nie hê mense moes Manual ontdek nie. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

6.7 6.7.1 Op daardie stadium was sy nog baie sensitief oor verhoudings. (1)

6.7.2 Emma: Emma was baie skaam oor haarself en verhoudings (of soortgelyk).

OF

Hendrik: As Pa het Hendrik gevoel hy doen die regte ding.
(Enige 1 of soortgelyk) (1)

Kopiereg voorbehou

6.8 6.8.1 Emma wou toe niks weet van Nollie nie, nou raak sy spelerig/is nie meer so skaam nie. (2)

6.8.2 Haar ouers het nie ’n goeie verhouding gehad nie. (1)

6.9 6.9.1 Hy het vir iets geskrik/skok/angstoestand. (1)

6.9.2 Hy het geweet hoe om met Willem te kommunikeer/hom te laat lag. (1)

6.9.3 Willem het begin praat. (1)

6.10 Hy moenie met Willem raas nie. (1)

6.11 Hulle het hom gevoed.
Hulle het sy wonde versorg.
Hy het by hulle aangesterk./Blyplek gegee. (Enige 2 of soortgelyk) (2)

6.12 Sinvolle kommunikasie is belangrik in ’n gesin./Eensaamheid (1)

6.13 Daar was ’n groot gebrek aan kommunikasie in hierdie gesin./Katrien was ’n eensame vrou in haar huwelik. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

6.14 6.14.1 probleme (1)

6.14.2 trou (1)

6.14.3 seer (1)

6.15 6.15.1 B (Toe die nar geskiet word) (1)

6.15.2 A (Motoriese moment) (1)

6.15.3 C (Die gebeure by die Volstruisdans) (1)

6.15.4 E (Frans daag by Hendrik se huis op) (1)

[35]

VRAAG 7: FIELA SE KIND – Dalene Matthee

7.1 7.1.1 Dis ’n lam wat nie deur sy eie ma grootgemaak word nie/wat met die hand grootgemaak word. (1)

7.1.2 Benjamin was ’n weggooikind wat deur Fiela grootgemaak is. (1)

7.2 7.2.1 Apartheid (1)

7.2.2 Staatsamptenare behoort gehoorsaam aan die land se wette te wees. (1)

7.2.3 Nee
Fiela het haar bes probeer om die kind se ouers op te spoor maar
Baas Petrus was nie by die huis nie.
Daar was nie ’n magistraat in die dorp nie. (2)

7.3 7.3.1 Gedurende apartheid was gemengde huwelike nie toegelaat nie. (1)

7.3.2 Vandag word gemengde huwelike toegelaat. (1)

7.3.3 Kinderdiefstal/ontvoering (1)

7.4 12 jaar (1)

7.5 Hy toets of Fiela reg is dat die kind wel 3 jaar oud was toe sy hom gekry het. (1)

7.6 Ja, hy doen maar net sy werk deeglik./Die polisie het destyds so opgetree.
OF
Nee, hy kon sy vrae meer vriendelik gestel het. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

7.7 Dis net vroue wat kinders weggooi. (1)

7.8 “Baas” (1)

7.9 Hy is nie juis ’n belangrike karakter nie./Hy is waarskynlik lank.
(Enige 1 of soortgelyk) (1)

7.10 7.10.1 Die feit dat Fiela ’n wit kind by haar het. (1)

7.10.2 Bedags word bruin kinders op die wit mense se werwe en in hulle huise tussen die wit kinders toegelaat. (2)

Kopiereg voorbehou

7.11 7.11.1 Die hof het so besluit.
Barta het hom dadelik uitgeken.
Barta en die gesin noem hom Lukas.
Benjamin was wit. (Enige 3 of soortgelyk) (3)

7.11.2 Elias het hom geslaan./Elias forseer hom om sy nuwe naam baie te herhaal. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

7.11.3 Barta is skelmpies voor die uitkenningsparade gewys wie Benjamin was. (1)

7.11.4 Barta kon nie slaap nie so het dit haar gepla. (1)

7.12 7.12.1 Benjamin kon ’n werk kry in die dorp.
Benjamin raak verlief op Nina. (2)

7.12.2 Hy voel dat Fiela sy ma is, want sy het hom grootgemaak. (1)

7.13 Dis om tydspronge aan te dui. (1)

7.14 7.14.1 Lange Kloof (1)

7.14.2 twaalfjarige (1)

7.14.3 primitief (1)

7.15 7.15.1 B (Fiela) (1)

7.15.2 D (Lange) (1)

7.15.3 A (Kittie) (1)

7.15.4 E (Nina) (1)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: KORTVERHALE

SPIEËLBEELDE

VRAAG 8

VEERTIG SINKPLATE TEEN DIE SUIDEWIND – Dana Snyman

8.1 8.1.1 Behuising/Armoede (Enige 1) (1)

8.1.2 Gevare/Ongerief (Enige 1) (1)

8.2 wit x swart
gemak x ongerief
nostalgie (oor bank) x desperaatheid (Enige 2 of soortgelyk) (2)

8.3 Plakkershuise
Onbevredigende dienslewering
Armoede (3)

8.4 Vraag oor wat die verteller daar maak./oor wie die verteller is./Die hond ken nie die verteller nie. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

8.5 Verteller laai hom by huis af.
Verteller gaan tot binne in Johannes se huis.
Verteller en Johannes gesels informeel. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

8.6 Hy't sy huis stuk vir stuk gebou.
Hy's trots op sy handewerk. (2)

8.7 nuuskierigheid/nostalgie/medemenslikheid (1)

8.8 'n Mens moet die mense leer ken wat vir jou werk/Mense ken nie die mense wat vir hulle werk nie. (1)

8.9 Kon begin deur sy naam te ken/Meer tyd met hom deurgebring het/Kon hom meer vrae oor homself gevra het (Enige 1 of soortgelyk) (1)

8.10 Luuksheid/Trots (Enige 1 of soortgelyk) (1)

8.11 8.11.1 kennisgewingbord (1)

8.11.2 Extension Two (1)

8.11.3 piesangs (1)

[18]

EN

8.12 8.12.1 By ’n Paasskou (1)

8.12.2 Sy sal die eerste vrouevegvlieënier wees. (1)

8.13 8.13.1 Heeltemal anders as waaraan sy gewoond was. (1)

8.13.2 ’n Vliegtuig word ook ’n ystervoël genoem. (1)

8.13.3 Hulle moet seker maak dat sy die mas opkom om SA te verdedig/seker maak dat sy sterk genoeg is om te oorleef. (1)

8.14 “hou jy daarvan om mense dood te maak?”
Dit pas liewer by ernstige misdaad. (2)

8.15 Sy het hulle met die teorie gehelp./met navorsing gehelp. (1)

8.16 8.16.1 Sy’t haar taak as bespieder uitstekend gedoen.
Sy red van haar maats se lewens.
Sy skiet van die vyandige vliegtuie af.
Sy het nie bang geraak toe een van haar makkers afgeskiet word nie.
Haar inisiatief was deurslaggewend (Enige 3 of soortgelyk) (3)

8.16.2 Sy moes die kaptein se instruksie verontagsaam om hulle lewens te red. (2)

8.17 8.17.1 B (Die vliegtuig styg op) (1)

8.17.2 C (’n Berekeningsfout) (1)

8.17.3 D (Vivian se besoek aan die Paasskou) (1)

8.17.4 E (Vivian verbreek protokol) (1)
[17]

TOTAAL AFDELING C: 35

AFDELING D: GEDIGTE

VERSKUNS

VRAAG 9

9.1 herhalings (1)

9.2 9.2.1 "hierdie keer" (1)

9.2.2 "moet" (1)

9.3 Hy wil haar ruimte gee maar sy moet terselfdertyd baie naby hom bly. (2)

9.4 Oorhaastigheid (1)

9.5 Beklemtoon sy vorige mislukkings/pyn. (1)

9.6 9.6.1 Hy kan dit in haar oë sien. (1)

9.6.2 Hartseer/seerkry/pyn. (1)

9.7 9.7.1 Hy wil haar eers beter leer ken. (1)

9.7.2 Hulle verstaan/ken dan mekaar beter.

EN

Hulle kan dan besluit of hulle wil voortgaan met die verhouding of nie. (2)

9.8 Die gedig handel oor 'n paartjie. (1)

9.9 Dit bind die gedig.
Dit beklemtoon sy begeerte om sy geliefde oral om hom te hê. (2)

9.10 Ja, hy laat haar nie eintlik ruimte toe nie.

OF

Nee, hy wil haar nie verloor nie. (Enige 1 of soortgelyk) (1)

9.11 "haastigheid" (1)

9.12 Hy's nie voorskriftelik nie./Hy het begrip vir sy geliefde se behoeftes.
(Enige 1 of soortgelyk) (1)

[18]

EN

9.13 Dit bied veiligheid en warmte. (2)

9.14 Spreker se liefde vir sy huisie. (1)

9.15 9.15.1 “aaneen” (1)

9.15.2 herhaling/binnerym (1)

9.16 9.16.1 vrees/afwagting (1)

9.16.2 selfvertroue/grootmoedigheid/uitdagend (1)

9.17 Hulle is onrustig. (1)

9.18 Gehoor

EN

Gevoel (2)

9.19 “loei” (1)

9.20 9.20.1 alliterasie (1)

9.20.2 lang (1)

9.21 9.21.1 C (geloof) (1)

9.21.2 A (gevare) (1)

9.21.3 B (uitdaging) (1)

9.21.4 E (Intertekstualiteit) (1)

[17]

TOTAAL AFDELING D: 35
GROOTTOTAAL: 70

Kopiereg voorbehou